

Maandag

Kol. 2: 6 – 19; Heb. 10: 1-10. Sewende Reformasiepreek. Ons hou vas aan Christus wat werklik is en bly in sy regte liefde leef. Die Reformasie het gebreek met 'n gefantaseerde Christus en gefantaseerde liefde, en weer vasgegryp aan Christus en sy liefde wat regtig is. Dit het hulle gedoen deur alle seremoniële geestelikheid in hulle lewe en in eredienste te verwerp. Daarom bring ons geen bokke of duiwe na die eredienste nie, het ons geen altare of tempels nie, het ons geen geestelikes met seremoniële klere, kieres, klokke, wierook, simboliese marse nie en het ons opgehou om die Sabbatdag te onderhou. Kol. 2:16. Eredienste op Sondae is nie Sabbatsonderhouding nie want Saterdag is die Sabbatdag. God het hierdie seremonies, prentjiewette wat die evangelie uitbeeld, voor Christus se koms ingestel en God het self hierdie seremonies weer met Christus se koms afgestel: "Hy skaf dus die eerste offers af om 'n ander offer in die plek daarvan te stel." Heb. 10: 9. Christus is regtig alles wat hierdie prentjies net gewys het. Hy is die offer vir sonde; Hy is ons tempel: God met ons; sy kruis is die regte altaar; Hy is die priester in die hemel en Hy maak ons heilig, nie Sabbatsonderhouding nie. Hierdie prentjiewette was net die skaduwee van wie Christus is, voor sy koms. Jesus is egter vandag regtig Christus wat God met ons is. Ons kan en mag nie meer met skaduwees van Hom besig wees nie terwyl Hy self met ons is, en ons insluit en laat deel in wie Hy regtig by ons is. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Kol. 2: 6-19; Heb.10: 1-10. Die seremonies in die Ou Testament wys wie God is en wat Hy doen. God het self die seremonies voor Christus ingestel en met Christus afgestel. Dit is soos tieners foto's gebruik. Wanneer hulle bymekaar is om mekaar se teenwoordige liefde te deel, is aanraking genoeg om die werklikheid van hul liefde te bevestig. Wanneer een egter op 'n skooltoer gaan, dan sit hulle die geliefde se foto op hul selfoon. Die foto bevestig die werklikheid van 'n geliefde wat nie teenwoordig is nie. Só vra hulle mekaar tydens die toer of hulle na mekaar se foto's kyk om die werklikheid van hul liefde te bevestig. Na die toer word die foto's weggesit want hul deel mekaar se liefde in mekaar se teenwoordigheid. Die foto's se gebruik word afgeskaf. Sou een nou langs 'n geliefde sit maar terselfdertyd ook nog na die foto kyk om in die foto die bevestiging van liefde te kry, dan het daar met die foto 'n skewe verhouding ontstaan. Met die foto is daar 'n gefantaseerde geliefde geskep en word daar gefantaseerde liefde ervaar. Die gefantaseerde liefde met die foto, terwyl die geliefde teenwoordig is, verdring en verniel die werklike teenwoordige liefde. Hierdie verwronge gefantaseerde beeld word nou die werklikheid gemaak met die foto en daarmee word die teenwoordige werklike liefde doodgemaak. Wie met seremonies besig bly na die koms van Christus, maak die regtig liefde van God dood met 'n gefantaseerde verwronge liefdesbeeld oor God. ds. Petrus

Woensdag

Kol. 2: 6-19; Heb.10: 1-10. Alles wat God met die skaduwee van seremoniële prentjies oor Homself in die Ou Testament gewys het, het Christus vir ons 'n werklikheid gemaak. Kol. 2: 17 In die Nuwe Direkte Vertaling lees vers 9 en 10 so: "In Hom is die volle wese van God liggaamlik teenwoordig... En in Hom, is julle met hierdie volheid vervul." Christus is werklik vandag mens in die hemel terwyl Hy werklik God met ons is. Hy verenig ons werklik in wie Hy as mens is om alles wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het, met ons te deel. Niks wat Christus vir ons is en doen, kan vir ons onwerklik wees of nie teenwoordig voel nie, want Hy is werklik teenwoordig en Hy hou ons vas. Hy laat my alles besef, alles onthou en alles verstaan, wie en wat Hy vir my is, omdat Hy self met my teenwoordig is en my vashou in alles wie Hy vir my is: as mens heilig, sonder skuld, smet en regverdig. Hy laat my deel in, en hou my vas, in sy liefde, goedheid, barmhartigheid en genade as God. Omdat Hy my vashou, gee Hy self vir my die aanvoeling van wie Hy as Here vir my is en doen. Sy teenwoordige liefde en genade waarin Hy my vashou, verander my, dit is besny my, sodat ek nie meer aan my sondes dink nie, maar aan my liefde vir en diensbaarheid aan Hom. Die gebruik van seremonies maak van God en sy regte liefde, 'n skaduwee, 'n onwerklikheid en van die skewe gefantaseerde verhouding met God deur geestelikes, nou die werklikheid wat kamstig God se liefde teenwoordig en gevoelvol sou maak. Dit is 'n leuen oor God self. Kol 2: 18,19.

Donderdag

Kol. 2: 6-19; Heb.10: 1-10. Vandag se geestelikes maak van hul gefantaseerde verhouding met God die werklikheid en van Christus net 'n skaduwee. Hulle bring die seremonies wat Christus afgeskaf het, weer terug. Jy gaan sit in die erediens om na die gekruisigde Here met wie jy verenig is en jou in sy liefde vashou, se Woord te luister. Dan kry jy nou papiertjies en 'n pen. Die geestelike preek almal skuldig en sê jy moet jou sondes op 'n papiertjie skryf, na vore kom, die papiertjie met jou sondes op, met die spykers en hamer wat hulle jou gee, teen 'n selfopgemaakte houtkruis kom vasslaan. Dit is 'n seremonie! Jou seremoniële papiertjies met geskrewe sondes op, nie regtes nie, moet jy seremonieel vasslaan aan 'n seremoniële kruis, nie die regte een van die Here nie. Volgens die geestelike laat sy seremonie jou die Here, beter verstaan, vir jou meer werklik voel en maak die seremonie die Here vir jou 'n geestelike ervaring. Deur hierdie seremonie is jou oorgawe aan God nou die regte offer, die ruimte voor die kansel die regte altaar, die prediker die regte priester en die kerkgehou die regte tempel. Alles wat Christus se skaduwee was, word nou die werklike geestelikheid en alles wie Christus regtig is, die offer, priester, die tempel en sy kruis die regte altaar, word met seremonies net 'n onwerklike skaduwee gemaak. Hulle noem hierdie seremoniële skeefdraai van alles – "godserverings". Wat die Here self jou laat dink, voel en hoe Hy jou verander deur jou vas te hou, is vir hulle onwerklik. ds. Petrus

Vrydag

Kol. 2: 6-19; Heb.10: 1-10. Met geestelike seremonies vervreem geestelikes gelowiges van die regte liefde van die Here met gefantaseerde godserverings.

Geestelikes voel dat hulle met gekleurde rokke en serpe wat hulle op kansels en verhoë dra, jou aan die Here laat dink en van laat deel voel. Met 'n rooi rok of serp vol kruise aan, wil hulle dat jy sal dink aan en deel voel van Jesus se kruisiging. Met 'n wit rok of serp aan, wil hulle jou laat dink en voel jy is deel van Christus se geboorte en met 'n pers rok en serp aan, wil hulle jou laat dink en voel Jesus is jou koning. So vervreem hulle met seremoniële klere jou met gefantaseerde godservarings van die Here wat jou met Hom verenig en Self jou laat dink en deel voel van sy geboorte, kruisiging en opstanding. Net so ervaar hulle met die opsteek van kerse dat daar 'n spirituele ruimte geskep word om God te kan aanbid. Kerse wat brand, nie Christus wat teenwoordig is nie, skep vir hulle aanbiddingsgevoelens. Net so maak hulle van ons liefde vir God seremonies. Jy moet nou jou arms seremonieel na bo uitstrek of jy moet seremonieel omval en op die grond neerslaan, om te wys jy is vol van God se goddelikheid, volgens hulle. Terwyl Kol. 2:9 -15 wys dat die volheid van God se liefde ons met 'n menslike liefde vervul waar ons met ons hande Hom en ons naaste dien en nie meer seermaak nie, en ons met ons liggaam ons diensposisie in die gemeenskap inneem en nie weer verlaat nie. ds. Petrus